
VISGEREI
vir vissers van mense
MATTEUS 4:12-22

12Toe Jesus hoor dat Herodes vir Johannes in die tronk
laat opsluit het, het Hy na Galilea toe gegaan. 13Hy het
nie in Nasaret gaan bly nie, maar Hom gaan vestig in
Kapernaum by die see, in die gebied van Sebulon en
Naftali. 14So moes vervul word wat deur die profeet
Jesaja gesê is:
15"Jy, gebied van Sebulon en gebied
van Naftali, aan die seekant
en oorkant die Jordaan,

Matteus 4:12-22

Galilea waar die heidene woon!
16 Die volk wat in duisternis woon,
het 'n groot lig gesien;
hulle wat in die skemerland
van die dood lewe,
vir hulle het die lig opgegaan."
17 Van toe af het Jesus begin preek en gesê: "Bekeer
julle, want die koninkryk van die hemel het naby
gekom."

Matteus 4:12-22

18Eendag toe Jesus langs die See van Galilea loop, sien
Hy twee broers: Simon, wat ook Petrus genoem word,
en sy broer Andreas. Hulle was besig om 'n werpnet in
die see uit te gooi, want hulle was vissers van beroep.
19Hy sê toe vir hulle: "Kom hier! Kom saam met My, en
Ek sal julle vissers van mense maak."
20Hulle het dadelik die nette gelos en Hom gevolg.

Matteus 4:12-22

21 Toe Hy daarvandaan verder gaan, sien Hy twee ander
broers: Jakobus 'n seun van Sebedeus, en sy broer
Johannes. Hulle was in 'n skuit saam met hulle pa besig
om hulle nette reg te maak. Jesus het hulle geroep,
22 en
hulle het dadelik die skuit en hulle pa verlaat en vir
Jesus gevolg.

Matteus 4:12-22


VISGEREI
vir vissers van mense
MATTEUS 4:12-22


VISSTOK
Die Een ding waaraan ons kan vashou
Wie is Jesus: Die MESSIAS

8:23 Maar in die land waar daar duisternis is, sal daar nie
langer donkerte wees nie. In die verlede het die Here
die gebiede Sebulon en Naftali verneder, maar in die
toekoms sal Hy die pad na die see van Galilea toe, die
Jordaanstreek en die gebied van die heidene in ere
herstel.
9:1 Die volk wat in donkerte geleef het, het 'n groot lig
gesien, oor dié wat in die donker land was, het 'n lig
geskyn.

Jesaja 8:23; 9:1, 5-6

5Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee;
Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare
Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.
6Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en
voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en
oor sy koninkryk regeer. Hy sal dié koninkryk vestig en
in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir
altyd. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here
die Almagtige sorg.


Jesaja 8:23; 9:1, 5-6


KATROL
Om die visse mee in te katrol
Jesus kom vir heidene – soos ek


10Die Seun van die mens het immers gekom om
te soek en te red wat verlore is.
Lukas 19:10


VISLYN
Sigbaar en Onsigbaar
God se Koninkryk kom!


SINKER
'n Growwe stuk metaal
Jesus roep self sy dissipels – nie andersom nie


16 Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het
julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan
en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. So sal die
Vader aan julle gee wat julle ook al in my Naam
vra. 17 Dit beveel Ek julle: Julle moet mekaar
liefhê!”
Johannes 15:16-17


HOEK
Het altyd 'n skerp punt
Dissipelskap vra opoffering – gee jouself


AAS
Wat die visse moet lok
Gaan ek ook dadelik reageer –
of gaan die hoek leeg bly?



• VISSTOK Jesus is die MESSIAS
• KATROL Jesus kom vir sondaars, soos ek
• VISLYN God se Koninkryk kom!
• SINKER Jesus roep my – nes ek is
• HOEK Wat moet ek opoffer?
• AAS Hoe reageer ek as Hy my roep?


VISGEREI
vir vissers van mense
MATTEUS 4:12-22